# Van Tuinier Tot Erfgenaam



## Wees anders

'n Sabbatsreis
saam met
Loutjie Meyer

# Vooraf

Ek het in my inleidende boekie, "*Slegs 'n Sabbatsreis - Die Begin*", bietjie meer vertel oor my reis – waar kom dit vandaan en wat is my doel daarmee. Ook het ek my uitnodiging aan jou gerig om saam met my die reis mee te maak.

Hiermee net 'n vlugtige opsomming rakende my uitgangspunte wat ons bespreek het, voordat ons oor God se roeping op ons gesels.

- Ons kan die Woord net gedeeltelik verstaan
- Die mens is die kroon van God se skepping
- Ons moet die skrif Geestelik beoordeel
- God Leef buite tyd
- God is onveranderlik
- God is in beheer
- Verhoudings is vir God baie belangrik



Met hierdie uitgangspunte as agtergrond, nooi ek jou saam om die Tuin van Eden binne te gaan, en in die Teenwoordigheid van God te leef – een dag op 'n slag...

# Waaroor gaan ons gesels


1 God se Teenwoordigheid....4

1.1 In die Tuin van Eden....5

1.2 Uit die Tuin van Eden....6

1.3 Verwoesting....7

2 Nuwe Belofte....8

2.1 Gekies....9

2.2 Bevry....10

2.3 Verval....11

3 Nuwe Koningskap....12

3.1 Aangestel....13

3.2 Verdeel....14

3.3 Verban....15

4 Nuwe Lewe....16

4.1 Volgelinge....17

4.2 Koninklike Priesterdom....18

4.3 Erfgename....19

5 Kom reis saam....20

6 Erkennings....21


---

*Vir inspirasie en musiekvideos:*

*Skakels na my Youtube kanaal*

# 1 God se Teenwoordigheid

Tydens my reis tot op hede het ek sterk onder die indruk gekom van verskeie goue drade wat reg deur die bybel strek. Een van hulle is die gedagte dat God van ons, Sy uitverkores, verwag om anders te wees en te leef as die wêreld. Met hierdie “*andersheid” as* tema, wil ek jou saamnooi om etlike uittreksels wat ek glo die Here op my gedagtes gelê het, te ondersoek.

Die tipiese patroon wat ons deurlopend ervaar, raak aan die volgende:

Geroep of gekies deur God

Voorwaardes tot sukses word neergelê

Sukses of oorwinning word behaal

Verval weens hoogmoed of ongehoorsaamheid

Verwerping deur God

God het die mens geskep om anders te wees as al die ander wesens wat Hy gemaak het.



Soos ons nou die goue draad van “*andersheid*” gaan volg, sal ons vind dat God in Sy Raadsplan ook sekeres uit die mensdom gekies het om “*anders”* te wees tussen die ander.

Hierdie Raadsplan wat woorde soos verkies, loskoop, regverdig of aanvaarbaar na vore bring, plaas ons op ‘n beloftelyn/geloofslyn pad wat ons nou neem vanaf tuinier tot by erfgenaam.

## 1.1 In die Tuin van Eden

In die begin was daar niks. Na die ses dae van skepping, en ‘n dag van Rus, het God twee werke gedoen wat uitstaan. In die ooste van Eden het Hy ‘n tuin aangelê, en die mens wat Hy geskep het, Sy beeld, Sy verteenwoordiger op aarde, het Hy in die tuin geplaas [Genesis 2:8].

Die mens, wat anders as die diere was, was alleen, en toe het God vir hom ‘n hulp gemaak; een soos hy. Hulle twee het saam in God se teenwoordigheid, by die Boom van die Lewe, in die Tuin, in die Paradys, geleef [Genesis 2:9; Openbaring 2:7].

Die andersheid wat ons hier reeds by die skeppingsverhaal raakloop, is dat die mens as uitverkorenes, anders as die diere, in ‘n spesiale tuin, saam met God, in Sy teenwoordigheid, gewoon het [Genesis 3:8].



Maar daar was ook reëls en voorwaardes in die tuin: Alles was geoorloof, maar van die bome in die middel van die tuin mag hulle nie geëet het nie [Genesis 2:17].

Die slang het met leuens vorendag gekom, en dit het gelei tot ongehoorsaamheid aan God se opdragte. Hulle het geëet van die boom van kennis in die middel van die tuin [Genesis 3:6], en God het die mens toe uit die tuin uit verban.

Hier vind ons ook die eerste voorbeeld waar die begeerlikheid van die sienlike kan lei tot verval.

## 1.2 Uit die Tuin van Eden

God het die mens en sy vrou weens hulle ongehoorsaamheid uit die tuin uitgestuur, die aarde vervloek, en hulle moes toe voortleef buite die teenwoordigheid van God [Genesis 3:17,23,24]. Die tuin van Eden se ingang is bewaak, en Adam en Eva het nie weer toegang daartoe gehad nie.



Die mens moes toe die grond buite die tuin gaan bewerk soos God hulle beveel het.

Adam en Eva het twee seuns gehad: Kain en Abel. Abel was aanvaarbaar voor God, maar Kain nie. Kain vermoor toe vir Abel uit jaloesie, en probeer toe sy daad nog wegsteek ook. Weens sy optrede is Kain toe ook weggestuur van sy familie af [genesis 4:1-12].

Adam en Eva het verskeie kinders gehad, maar God het aan hulle ‘n uitgekose seun, Set, gegee [Genesis 5:3-5].

Verder in die skeppingsverhaal lees ons dus hoofsaaklik van Set se nageslag tot by Noag.

## 1.3 Verwoesting

Met tyd het daar egter groot verval onder die mense ontstaan, en hulle het baie goddeloos en sleg geword. Hulle wou nie erken dat hulle ‘n God het wat omgee nie [Genesis 6:5,11-12].

In hierdie tydperk tot by Noag, lees ons slegs van Henog wat naby aan God geleef het.

God het toe besluit om die geskiedenis ‘n wending te gee, en met Noag, wat regverdig was in Sy oë, het Hy ‘n ooreenkoms gesluit [Genesis 6:8-9,18]. Duidelik kan ons aflei dat Noag anders geleef het as die mense van sy tyd [Genesis 7:1].



God het met die sondvloed die mensdom uitgewis, en soos met Adam, weer begin met ‘n uitgekose mens [Genesis 6:13; 7:4,1].

God het ‘n nuwe ooreenkoms met Noag gesluit, wat eintlik van krag is tussen God en alle lewende wesens. Hierin het God onderneem om nie weer die mensdom te verdelg soos met die vloed nie. Die reënboog sou dan dien as teken van hierdie verbond tussen Hom en die aarde [Genesis 9:12-17] .

Noag se kinders het later die hele area in die omgewing bevolk, en verskeie stamme en nasies is uit hulle voortgebring [Genesis 9:19,32].

Hierna sien ons dat God in Sy Raadsplan vir Noag se seun Sem, bo sy broers verkies het [Genesis 11:10-26].

Alhoewel Sem en sy nageslag uitgekies is, sluit al die gebeure en verhale wat ons verderaan in die bybel lees, egter wel sy broers Gam en Jafet met hulle nageslagte in.

# 2 Nuwe Belofte

Na die sondvloed het God iemand gesoek wat anders was as die mense rondom hom. Na verloop van tyd het Hy toe wel iemand onder die mense gevind in Abram. Uit die nageslag van Sem het God onder al die verskeie mense van die tyd, vir Abram gekies [Genesis 12:1-3].

Hy het ‘n belofte aan Abram gemaak, sy naam verander na Abraham, en met hom ‘n ooreenkoms gesluit waarvolgens Abraham se nageslag, Sy uitverkore volk sou wees, en ook mettertyd Sy erfgenaam [Genesis 18:18-19; 22:16-18]. God het egter van Abraham verwag om anders te wees – hy moes toegewy aan God, en onberispelik voor Hom leef [Genesis 17:1-8].

Die belofte aan Abraham het hom laat trek uit die bekende, deur die onbekende, en uiteindelik na ‘n blyplek, ‘n land vir sy nageslag [Genesis 15:6,7; Hebreërs 11:8]. God het Abraham se gehoorsaamheid en geloof vir hom tot regverdiging gereken.



Ons lees dus van ‘n beloofde land, ‘n uitgesoekte land, ‘n land wat anders sou wees, waarin God tussen Sy uitverkore volk, Sy erfgename sou kon woon.

In die Land van Belofte, sou hulle dus in Sy Teenwoordheid kon geleef het [Psalm 114:2].

## 2.1 Gekies

Die belofte wat God aan Abraham gemaak het, het Hy met Isak en met Jakob herhaal, en so is dit dat Jakob, wat Israel geword het, se nageslag die uitverkore volk geword het. Abraham se ander kinders was nie deel van die uitverkore volk nie [Genesis 35:10-12; 15:4].



God het Josef uitgekies om vooruit in Egipte voorbereidings te tref vir hongersnood wat sou kom [Psalm 105:17]. Josef se toegewydheid aan God, sy andersheid, het gemaak dat hy suksesvol was in Egipte [Genesis 39:9,21]. Verder in die geskiedenis lees ons dat Jakob en sy hele nageslag, die Israeliete, toe na Egipte verhuis het weens hongersnood in Kanaän [Genesis 41:57]. Met die verloop van tyd het hulle die slawe van die Egiptenare geword, en het geleef onder die juk [Eksodus 1:14].

Die Israeliete het egter nie vergeet van God se belofte aan Abraham, Isak en Jakob nie, en het tot God geroep vir bevryding [Eksodus 2:23-25]. God het ook nie van Sy belofte vergeet nie, en het Moses gestuur om die Israeliete, Sy verkose volk, uit te lei onder die juk van Egiptiese slawerny uit [Eksodus 3:10].

## 2.2 Bevry

Moses, vir wie God uitgekies het, het in gehoorsaamheid aan Hom die Israeliete uit Egipte uitgelei. Nog voordat hulle reis na die beloofde land ernstig begin het, het God aan hulle sy reëls en voorwaades voorgehou in die woestyn. By die berg Sinaï [Eksodus 19:11] het Hy Sy wette deur Moses aan hulle gegee, en ook die keuse aan hulle voorgehou om dit te gehoorsaam al dan nie [Deutoronomium 28:1,15]. Hier is dit reeds duidelik dat God van Sy volk, Sy eiendom, verwag om anders te wees. Hy het Sy wette net aan hulle gegee, en nie aan die ander volke of nasies nie [Eksodus 19:5-6; Psalm 147:19-20].



God het aanvanklik al die eersgeborenes in Israel vir Homself geheilig, maar later het Hy die eersgeborenes losgekoop deur hulle te vervang met die Leviete. Die leviete was nou Sy eiendom onder die Israeliete, wat steeds Sy uitverkore volk was [Numeri 3:12-13,41].

Tydens hulle reis deur die woestyn was die Israeliete baie rebels, en wou net terugkeer na Egipte. Hulle het God totaal verwerp [Handelinge 7:39].

Na die Israeliete se wedervaringe deur die woestyn, het Joshua hulle in Kanaän, die beloofde land, ingelei. Die Here het die land vooruit skoongemaak, en die volk is ingedeel oor die land om daar te woon [Joshua 11:23; 13:6].

## 2.3 Verval

Nadat die land beset is, tydens die rigter tydperk, het die Israeliete basies gedoen wat hulle wou, en het slegs na God gehardloop as dinge te erg geraak het. Telkens het die Here dan iemand gestuur om hulle uit die verknorsings te red [Rigters 2:16; 17:6; 21:25].

Hulle het egter aanhoudend gerebelleer teen God se reëls en wette, en het net meer in verval gegaan [Rigters 2:19].



Die uitverkore volk van God het herhaaldelik verval tot die vlak van die nasies rondom hulle [Rigters 2:11-14], en het selfs onder hulle ingetrou en vermeng.

Inteendeel, God het selfs die omliggende nasies met rus gelaat om Sy volk se toewyding en andersheid te toets. God se volk, van wie Hy andersheid verwag het, en ook graag sou wou hê, het egter met herhaaldelike teleurstelling vorendag gekom [Rigters 3:4-6].

# 3 Nuwe Koningskap

Die Israeliete het God toe nog verder teleurgestel in die sin dat hulle vir God gesê het dat hulle ook ‘n koning wou hê – net soos al die ander nasies in die area. Hulle het nie verstaan dat hulle as God se volk eintlik onder Sy Koningskap leef nie [1 Samuel 8:7,20].

God het Sy volk tegemoet gekom en vir hulle ‘n koning gegee: Saul. Saul het teleurgestel, en God het toe na iemand anders gesoek om te dien as koning vir Sy volk [1 Samuel 13:14] – iemand na Sy hart. Hy het vir Dawid gevind, en ‘n belofte van ewige koningskap aan hom gemaak [1 Kronieke 17:7-15]. Die Here sou hulle God wees, as hulle Sy volk sou wees.



Tydens hierdie geslag het God dan ook baie duidelik Vir Dawid en Jerusalem as uitverkose beskou, en ook geproklameer [2 Kronieke 6:6].

Later in die geskiedenis lees ons egter dat ook Dawid nie sonder foute was nie, maar dat God ten spyte van die mens se tekortkominge, Sy beloftes wel gestand doen.

Ons kan dalk ontrou wees en God verlaat, maar Hy verlaat ons nooit nie, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie [2 Timoteus 2:13].

## 3.1 Aangestel

Dawid was ‘n man na God se hart [Handelinge 13:22]. Duidelik was hy anders as sy broers, en ook anders as die mense van sy tyd [1 Samuel 13:14; 16:12-13].

Dawid het oor Juda geheers, en later is die res van Israel ook onder sy heerskappy ingesluit. God se belofte van ewige koningskap het dus op die hele Israel gerus [1 Kronieke 29:26-28].

Verder het God ook ‘n stad gekies – Jerusalem [1 Kronieke 11:4-9]. In hierdie gekose stad het Hy toegelaat dat Sy volk vir Hom ‘n Tempel kon bou waar Sy Teenwoordigheid kon woon tussen Sy mense [1 Kronieke 22:9-10].



Hier vind ons in die uitvoering van God se beloftes weereens dat Sy uitverkore volk, Sy uitverkore stad, en ook Sy uitverkore leiers blootgestel is aan ‘n verwagte “*andersheid*”.

God het Sy Teenwoordigheid slegs laat wees in Sy uitverkore plek, tussen Sy uitverkore mense, op Sy uitverkore leiers.

## 3.2 Verdeel

Na Dawid het sy seun Salomo koning geword oor die hele Israel. Salomo het dan ook die tempel vir God gebou in Jerusalem. God het hom uitermate geseën, maar ook hy het later in ongehoorsaamheid verval [1 Konings 11:1-8].

Na Salomo se koningskap het die ryk van Israel in twee geskeur. God het egter Sy belofte van ewige koningskap gestand laat doen aan Juda, waaruit Dawid gestam het [1 Konings 11:9-13].



God het Sy uitverkore volk en uitverkore stad, Jerusalem, in die middel tussen die ander nasies geplant. Hulle moes as voorbeeld leef vir die ander nasies. Hulle het egter aanhoudend gerebelleer en verkies om soos die nasies om hulle te wees, en nie anders nie [Esegiël 5:5-6].

Na Salomo het ‘n verskeidenheid van konings oor Juda en Israel geheers. Sommige van hulle was gehoorsaam aan God, en andere weer nie. In hierdie tydperk het God ook verskeie profete gestuur om die volk na Hom terug te roep, maar telkemale is hulle geïgnoreer, uitgelag, of selfs doodgemaak [Handelinge 7:51-53].

## 3.3 Verban

Die Noordryk wat as Israel bekend gestaan het, is later weens blatante ongehoorsaamheid aan God, oorgelewer in ballingskap aan die Assiriërs [2 Konings 17:1-6; 18:11]. Hierdie ballinge het nie teruggekeer nie, en hulle het vermeng met die ander plaaslike nasies.

Die Suidryk wat as Juda bekend gestaan het, is ‘n paar eeue later, ook weens erge ongehoorsaamheid aan God, as ballinge oorgelewer aan die Babiloniërs [2 Konings 25:8-12]. Die Babiloniërs het Jerusalem heeltemal vernietig. Die Babiloniërs is later verslaan deur die Perse, en die Perse het die Judese ballinge laat terugkeer na hulle tuisland [2 Kronieke 36:17-23].



Na die ballingskap het God weereens spesifieke mense uitgekies en geroep tot sekere take; mense wat Hom ernstig as hulle God aanvaar het, mense wat anders geleef het.

Onder leiding van Serubbabel is die eerste groep bannelinge terug na Jerusalem, en die tempel is herbou [Esra 2:2; 3:8; 6:14]. Later onder leiding van Nehemia, is die stadsmure van Jerusalem ook herbou. Onder leiding van Esra is die wet weer aan die volk voorgehou [Nehemia 8:6].

# 4 Nuwe Lewe

Weens die aanhoudende rebelsheid van Sy volk, het God tog egter besluit om al Sy eiendom uit Sy teenwoordigheid uit te ban [2 Konings 23:27].

In Sy groot Raadsplan het God toe ‘n wending gemaak in die geskiedenis (ook met die toekoms). Hy het reeds vir baie eeue vooruit hierdie wending aangekondig, belowe, en ook verduidelik [Jesaja 40:1-5]. Ongeveer vierhonderd jaar later het God ‘n nuwe Koninkryk begin met die koms van Jesus [Lukas 1:30-33; 4:21,43].



Jesus het van hierdie koninkryk vertel, oor hierdie koninkryk baie gesê, en ook met baie gelykenisse verduidelik. Hierdie koninkryk was die verlossing van God se uitverkorenes waarna baie uitgesien het [Lukas 2:25].

Met hierdie Koninkryk van God, waarvan ek en jy ook deel kan wees, roep God Sy uitverkorenes terug na Sy Teenwoordigheid [Galasiërs 3:26-4:7].

Jesus het gekom om hierdie Koninkryk, hierdie Goeie Nuus wat lank tevore reeds belowe is, te verwesenlik. Hierdie Goeie Nuus, die evangelie van Jesus as Christus, is die belofte dat alle mense, ook ek en jy, bevryding van die ewige dood kan ontvang, en ‘n toekoms in die Nuwe Lewe, in God se Teenwoordigheid, kan hê.

Hoe is dit anders?

Deur Geloof!

## 4.1 Volgelinge

As dissipels van Jesus, gelowiges in Christus, is ons grootste roeping om “*anders*” te wees in ons omgewing, asook in ons menswees [Romeine 12:1-2]. Dit is ‘n groot oproep tot bekering. Ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Jesus se opdrag was om vrug te dra, vrug wat sal hou, vrug wat by ons bekering sal pas – moenie soos die wêreld lyk nie [Johannes 15:16].



Inteendeel, een van Jesus se laaste opdragte aan Sy dissipels was om ook dissipels te gaan maak [Matteus 28:19-20]. Vir my lyk dit dat ons as gelowiges, Sy volgelinge, maar ook Sy gestuurdes, so moet leef dat andere kan sien en leer hoe om ook “*anders*” te wees in hierdie wêreld.

In God se Raadsplan het Hy ons egter nie alleen gelos nie. Sy groot belofte van Hulp, van Bystand, van Leiding, Sy Gees, het Hy vir ons gegee [Handelinge 1:8].

Vir my lyk dit dan dat wanneer ons met die nodige erns en ywer God se teenwoordigheid en heerskappy in ons lewens soek, ons met vrymoedigheid sal kan bely dat ons wel anders lyk en is as die wêreld [1 Johannes 3:24; 4:13].

## 4.2 Koninklike Priesterdom

Wees op die uitkyk, wees waaksaam, bid gedurig...

Jesus het ons priesterskap ‘n nuwe gebod genoem – Julle moet mekaar liefhê, want hieraan sal die wêreld weet dat julle my dissipels is [Johannes 13:34-35].

As priesters in God se koninkryk [Eksodus 19:6; 1 Petrus 2:9], moet ons gedagtes en ons dade gerig wees op die verhewe dinge:



Vergewe mekaar

Bid vir mekaar

Verdra mekaar

Help mekaar

Dien mekaar

Bemoedig mekaar

Troos mekaar

Wees nederig

Wees dankbaar

Wees geduldig

Wees goedgesind

Wees onderdanig

Wees gasvry

Wees eensgesind

Doen Geloof

Volhard in hoop

Span jou in tot liefde

[1 Korinthiërs 13:13; 1 Thessalonisense 1:3; Openbaring 1:6]

## 4.3 Erfgename

Met die liefde teenoor God en teenoor ons naaste dan as die senter van ons geloofsoortuiging, is ons as gelowiges in Jesus Christus, nou die nuwe erfgename van God. Ons is nou Sy uitverkore volk. Ons mag nou weer terugkeer tot in Sy teenwoordigheid [Hebreërs 10:19], en ons mag weer saam met Hom wandel, soos wat Adam saam met God gewandel het in die Tuin van Eden.

As deelgenote van hierdie roeping tot andersheid, as kinders van God, moet ons agter Jesus, ons Leier en ons Hoof, die Eersgeborene uit die dood, aanstap [Romeine 8:29; Hebreërs 3:1; 4:16].

Ons moet die oë gerig hou op Jesus [Hebreërs 12:2].

Ons moet die pad van geloof stap [Johannes 1:12].

Ons moet lewe deur die Gees [Galasiërs 5:18, 25].



Ons moet anders wees...

Dit kan nie anders nie...

Wees anders, wees heilig, want Ek is Anders, Ek is Heilig [Levitikus 19:2; 1 Petrus 1:16].

# 5 Kom reis saam

Soos dit vir my lyk: God se roeping op ons as Sy volgelinge, terwyl ons in die wêreld is, is steeds om “*anders*” te wees as die wêreld [Johannes 17:15-18]. Hy verwag van ons om anders te dink, te praat, te doen, en te leef. Hy het selfs gesê dat Hy dit in ons sal bewerkstellig deur Sy Gees.



Ek vermoed ook dan dat as ons die belofte van erfgaam wil beleef, ons ons kruis daagliks sal moet opneem, en agter Hom aanstap [Lukas 9:23].

Daarom nooi ek jou dan weer uit. Kom ons stap die nou pad van God [Matteus 7:14], wees “*anders*” in die wêreld, leef in Sy Teenwoordigheid, en heers as Sy verteenwoordiger en Sy beeld hier op die aarde.

Wat ‘n voorreg...

Een dag op ‘n slag...

Slegs ‘n sabbatsreis...

# 6 Erkennings

Op my reis tot op hede het ek die bybel gelees in verskillende vertalings, en maak ek hier en daar van ander hulpbronne ook gebruik.

Ek het aanvanklik begin met die Afrikaanse vertaling van 1983, soos uitgegee deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, maar sedertdien oorbeweeg na die Afrikaanse vertaling van 2020, soos uitgegee deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap. Meeste van my verwysings en moontlike aanhalings sal na die 2020 Afrikaanse vertaling van die Bybelgenootskap verwys.

Soms gebeur dit dat ek ‘n spesifieke tema of bybelversie soek, en dan maak ek gebruik van die konkordansie funksie in die YouVersion bybelprogram op die internet. Hierdie toepassing gebruik ek dan op my selfoon.

Ek het al die vraag vir myself gevra, “*wat is in die oorspronklike teks geskryf?*” Dus het ek ook die behoefte ontwikkel om te kan verwys na die oorspronklike Griekse- of Hebreeuse teks wat deur die bybelvertalers gebruik is. Soos uitgegee op die internet deur HagiosTech, en as ‘n toepassing op my foon afgelaai, gebruik ek so ‘n interliniêre bybel wat my hierin kan bystaan.

In die metafoor van my tuinwandelings in Eden (of geloofsreis, of selfs lewensreis), gebeur dit dikwels dat ek soos ‘n fotograaf moet optree.

Hiermee deel ek as fotograaf ‘n klompie van my resultate.



*Uitsig oor Malutiberge naby Clarens*



*Aalwyn skadu teen ‘n sonsondergang in Pretoria*



*Toneel naby Fouriesburg*



*Sonsopkoms te Morester kampterein naby Krugersdorp*



*Karootoneel naby Loxton*



*Sonsopkoms oor Durban*



*Boomstam met kamera beweeg tegniek*



*Wintertoneel - Olifantsrivier in die Kruger Wildtuin*



*Skaaptrop op Lesoba gasteplaas naby Fouriesburg*



*Rokende Dennebolle in 'n vuur*



*WNNR Toring skadu Sonsondergang in Pretoria*



*Wolke toneel van bo*



*Duiwe in vlug te Mosselbaai punt*



*Kalahari duine naby Mier*



*Toneel naby Fouriesburg*




*Miniatuur Lemoenboompie*



*Arende in die Kruger Wildtuin*



*Sonsondergangbeligte wolke naby Van Reenen*



*Rotsformasies naby Melkrivier*

